**1 Januarie 2022 - Lesing 3 - Ons respek en suiwer spraak van Afrikaans, verklap ons innerlike wese. - Taalverbastering verklap `n innerlike geneigdheid tot geestelike verbastering**

Lewensgeheime deur Gottfried Mayerhofer (1807 1877)
Hoofstuk 8- Taal (vervolg)

***(ontvang 30 Januarie 1871)***

In die vroegste tyd, toe die mense en volkere nog nader aan die geesteslewe gestaan het, het hulle hul tale bedink ooreenkomstig hul geestelike toestand; so was ook hul woordstelling en so hul wyse van skrywe. Toe hulle egter met verloop van tyd afvallig geword het van die groot natuurwet en die verkeerde weg begin inslaan, het ook hul wyse van uitdrukking en skrywe verander; daarom het die meeste nuwer tale `n **verkeerde styl en `n verkeerde manier van skrywe**.

Die mense het die **geestestaal van die hart** verruil vir die **verstandelike harsingstaal**, hulle het van My en hul eie doelwit afvallig geword; en daarom skyn hulle ook heeltemal verkeerd in die natuur, wat die eenvoudiger lewende natuurmense juis goed toeskyn.

Julle sien dus hoe daar van en na die hart, oftewel via die hart of via die verstand, `n heen en terug, `n nader en verwydering, `n verbetering en verslegting bestaan.

Wat Ek julle tevore oor die huid/vel gesê het, geld vir elke vrug, elke boom en elke ding. Oral is die twee dinge waardeur die intelligensie van die innerlike hom aan die uiterlike wêreld meedeel of van die buitewêreld indrukke ontvang; oral positief - negatief, oral regs - links, oral toenadering en verwydering, uitskeiding en opsuig, reg of verkeerd.

So gaan dit verder in die hele skepping tot by die groot **kosmiese mens**, waarvan die ingewande suiwer sonne, komete en planete is, en tot by die nog eindelose baie groter geestelike **skeppingsmens**, wie se inwendige liggaam bestaan uit suiwer hemele van die mees uiteenlopende soorte en saligheде.

Ook hy suig vir sy bestaan van buiteaf op, wat hy vervolgens in homself in die geestelike verander, en gee weg of stoot uit wat die kosmiese mens aan geestelikheid ontbreek.

Daar heers ook die korrekte ordening; daar is die **hart My hemel** in die sentrum van die groot positiewe pool wat al die goeie laat uitstroom en die **geeste in die materiële wêreld** is die negatiewe pool, wat My al die geestelike weer gesuiwer terugbring; daarby moet dit egter eers van die negatiewe na die positiewe pool verander het, waardeur die wisseling dan weer opnuut begin.

**Dit is die groot grondwet van die skepping: Ek, die liefde, as positiewe pool, en julle en My geeste en engele as opsuigende dele, die negatiewe pool;** totdat na baie opsuig en afstoot, wat ooreenkom met beweging of lewe, uiteindelik My positiewe pool, as geestelik ewig en onveranderlik bestaan, slegs daar sal staan; al die opgesuigdes sal as vergeestelik, gelyk aan My, van ewige vrede en saligheid geniet waarin slegs `n sagte aantrekking, maar geen afstoting meer kan voorkom nie!

Eons en eons van tyd sal weliswaar tot dan toe verloop, maar dit sal tog eens gebeur dat gees en materie so gesuiwer en vergeestelik hul as eerste impuls gegewe beginsels verloën, en wat rustig naas en in mekaar sal lewe wat slegs deur stryd en ontbinding sy voortbestaan verseker sal moet stel, en dat daar dus ooreenstemming tussen alles sal bestaan.

Wel nou, My liewe kinders, sien julle vanaf die kleinste vraag en die antwoord van Lks. tot by die groot Geestesmens dieselfde band geplaas is en in alle skeppinge vervleg? Daarmee dan die kleinste vraag oor die woordrangskikking in julle taal, en hier op grond van ongehoorde vir julle onvoorstelbare afstande as aantrekkende en afstotende krag.

Julle kan daaruit aflei hoe weinig daarvoor nodig is om `n hele groot waarheid, `n groot grondwet van My goddelike huishouding te ontdek en te verklaar; daar is natuurlik ook `Hy' by nodig wat dit vir julle sal kan verklaar; Hy wat al die groot en kleiner wêrelde, al die voortbrengsels, hetsy geestelike of materiële, dieselfde weg aangewys het. Julle Vader is nodig daarby, wat aan julle sulke groot wondere in die kleinste vrae van naderby wil verklaar en daardeur wil toon hoe baie en hoe weinig daarvoor nodig is, **om ten eerste My grootheid en ten tweede My liefde te begryp en dit op waarde te leer skat! Amen!”**

Hoofstuk 9 - Taal, kuns, musiek

***(ontvang 14 Januarie 1871)***

“Hierdie drie woorde dui drie dinge aan, wat op alle wêrelde en sonne voorkom, deurdat hulle die belangrikste vorm van lewe en die belangrikste hefboom vir die vooruitgang in die geestelike is. Oral kan julle hulle vind, afgestem op die proporsies van die hemelliggame en die mense in hul geestelike ontwikkeling.

Aangesien die drie belangrikste lewensfaktore nou oral aanwesig is en sonder hul geen lewe nie, ja geen ken van mekaar of van die geestelike wêreld en uiteindelik geen ken van My skeppingsbouwerk en My eie ‘Ek’ moontlik sou wees nie, dring veral hierdie vraag homself natuurlik op:

Wat is ‘taal’ dan eintlik?, - wat is ‘kuns’?, - en wat is ‘musiek’? En verder: Waarom is al drie noodsaaklik? En watter geestelikheid lê daar agter dit in die uiterlike lewe en optredende fenomeen verborge? Of dit nou in die woord is of in geartikuleerde klanke, in die vorm of in deur begrensde vlakke uitgedrukte idees, of tot stand gebring deur die toon, wat nie begryp maar slegs gevoel kan word!

Laat ons dus na die eerste vraag kyk: